

Wyse woorde aan die gesin



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Spreuke 5:3-14; Matteus 19:5; 1 Korintiërs 7:3, 4; Spreuke 13:22; 14:26; 17:22; 23:13 en 31:10-31.

Geheueteks:

“Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop” (*Spreuke 3:5, 6; NAB*).

Ons almal se verhaal begin by ’n vader en ’n moeder – ongeag die lewensfase waarin ’n mens jou bevind en ongeag die tipe verhouding, indien enige, wat ’n mens na geboorte met hulle het. Boonop sit party mense nie hierdie patroon voort nie. Hulle bring nie nuwe geliefdes in die vorm van ’n gesinnetjie voort nie. Bestaande geliefdes – die broers en susters uit hul ouerhuis, en hul ma en pa se mense – is die sielsgenote wat hulle koester en liefhet. Spreuke bevat ’n mengsel van opvoedkundige materiaal, gedigte, vraagstukke en wysheidspreuke – ongeag die tipe lewensfase of mensverbintenis waarin die gelowige hom of haar bevind. Familie- en gesinsaangeleenthede word plek-plek direk behandel. In party gevalle kan die les in ’n wysheidspreuk na huisgenote en ander familie deurgetrek word. Die boek Spreuke is in werklikheid ’n soort “gesinsgids” waarin die geheime tot ’n godvrugtige lewe van ouer tot kind oorgedra word. Dit laat dink ’n mens aan die soort lewensadvies wat ’n ouer geneig is om in briefvorm aan ’n seun of dogter oor te dra – op die vooraand van ’n nuwe lewensfase – soos om universiteit toe te gaan, om by hul heel eerste woonstel of huis in te trek, of om die land of provinsie te verlaat op soek na werk. In Spreuke is dit ook so. Die pa sê vir sy seun: “My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie” (*Spr. 1:8, NAB*). In Deuteronomium word ouers aangesê om hul oortuigings met die volgende geslag te deel. Dit is ook dan wat hier in Spreuke gebeur. Wat meer is, in die vader se pleidooi aan sy seun bespeur die leser ook ’n ander roepstem – dié van die hemelse Vader wat aan sy kinders sê: Kom leer by My.

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 4 Mei.

Romantiese liefde vir die regte persoon

Maak 'n lysie van die probleme en gevolge wat voorhuwelikse seksuele verhoudings of ander buite-egtelike seksuele verhoudings soos dié wat in Spreuke 5:3-14 beskryf word, inhou.

Vir die ongetroude gelowige is die diepgaande liefde en seksuele intimiteit tussen 'n man en 'n vrou iets wat vir die huwelik bewaar word, en vir die getroude is dit iets wat vir binne die grense van die huweliksband beskerm word. Hoewel Spreuke hier die manlike leser in gedagte het, ontvang vroue 'n soortgelyke onderwysing in die Hooglied van Salomo (*hfst. 4:12-15*). Die haas onweerstaanbare aantrekkingskrag van verbode liefde behoort teen die afgryslieke gevolge van daardie sonde opgeveeg te word. In terloopse seks is daar geen sprake van toewyding nie, daarom voldoen dit ook nie naasteby aan die vereistes van ware intimiteit nie. Dit is 'n vermorsing van stoflike, liggaamlike en emosionele hulpbronne. Bowenal is dit 'n lewenskeuse waarvoor jy eendag voor God rekenskap sal moet gee.

Seksuele intimiteit – die kosbaarste van ons Godgegewe gawes – is slegs toeganklik binne die huweliksbelofte (*Matt. 19:5; 1 Kor. 7:3, 4; Heb. 13:4*). In Spreuke word water as beeld ingespan. Die klem val op die voedsame en oorvloedige aard van daardie stof. Dit is 'n besonder tedere versinnebeelding van die plesier en satisfaksie wat 'n getroude paartjie in hul wedersydse liefde behoort te bereik. Dit word gekontrasteer met die vermorsing wat spruit uit ontrou. Let op die uitdrukking “die vrou van jou jeug” (*Spr. 5:18, OAB*). Dit dui op voortgesette toewyding ten spyte van die feit dat die paartjie ouer word. Vir die man is sy vrou steeds verruklik – haar “liefkosings bedwelms hom deurentyd” (*vers 19; NAB, woordorde aangepas*). As gevalle mense word ons so maklik deur ons seksuele begeertes verlok. So bly God se bedoeling daarmee dan in die slag. Danksy die Skeppergod beskik ons egter oor die vermoë om onderskeid te tref en dan 'n keuse te maak. Hierdie tipe versoekings moet voortdurend onderdruk word, sodat dit nie dalk die oorhand kry nie. 'n Vaste verbintenis tot God se plan vir ons seksualiteit – naamlik die beoefening daarvan binne die huweliksband – kan keer dat die gelowige hom of haar in verbode seksuele verhoudings begewe. Om lewenslank by God se plan – naamlik binnehuwelikse seks – te hou, is 'n keuse. Dit is nie net die verstandige ding om te doen nie, maar hou ook op sigself 'n magdom voordele in.

Gestel jy ken iemand wat seksueel maklik in versoeking gebring word, die soort versoeking wat 'n huwelik kan verwoes. Watter soort raad het jy vir hom of haar?

'n Beroep op pa's

Spreuke fokus op die volgende karaktereienskappe van 'n pa wat langtermyngevolge vir sy kind of kinders kan inhou:

Spr. 13:22 en 27:23, 24

Spr. 14:26

Spr. 15:1, 18 en 16:32

Spr. 15:27

Spr. 29:17

'n Pa se karakter beïnvloed sy kinders se lewens direk, asook sy nalatenskap aan hulle. Hy is 'n rolmodel by wie die kind ondersteuning, volgehoue toegeneentheid en leiding soek. 'n Pa op wie die hele gesin kan staatmaak – vir die voorsiening van lewensmiddels en ook die wyse bestuur van die huishouding – oor diesulkes het Spreuke net goeie dinge te sê. Spreuke sê: “Wie onregverdige wins maak, bring sy huis in beroering” (Spr. 15:27, OAB). Dié versteuring van die gesinsbalans geskied op vele maniere. Pa's moet doelbewus toesien dat die gesin se belange, en nie die werkplek s'n nie, voorrang geniet. Die godvresende pa probeer sy bes om geduldig te wees en beheer oor sy emosies te verkry. Hy respekteer die kind se posisie as afhanklike. Hy dissiplineer die kind, maar met die grootste omsigtigheid, want hy wil nie sy mag oor die kind misbruik nie. Bowenal wil die toegewyde pa God en sy gebod volg. Hy laat hom deur die liefde van die Here en deur die Bybelse leer lei, sodat hy sy kinders op die beurt reg kan rig. Die belangrikste ding wat 'n pa egter kan doen, is om die ma van sy kinders lief te hê. Die volgehoue koestering van sy vrou en sy getrouheid aan haar (of die gebrek aan hierdie dinge) het 'n klinkklare uitwerking op die welstand van die kind, selfs tot in daardie kind se volwasse jare. Lojaliteit aan God; toewyding aan die huwelik en die gesin; en integriteit in die binnekamer, by die huis en in die openbaar – dít is die hoofemas in Spreuke. Sukses in al dié sferes hang natuurlik van elke persoon se innerlike ingesteldheid af. Die aanloklikhede van sonde is steeds daar – of dit nou seks, gemaksug, geld of mag is – maar 'n wyse man en pa hou die oog op God gerig, die een wat hom help om voortdurend reg te kies.

Tere tereg wysings

Wat leer ons uit Spreuke oor hoe belangrik die tereg wysing en dissiplinerings van kinders is? Spr. 10:17; 23:13, 14; 29:1; en 29:15.

Ouers tugtig soms die kind om sosiaal-aanvaarbare gedrag by hom of haar aan te wakker, om ongehoorsaamheid te straf, of uit ontevredenheid omdat die kind hulle op een of ander manier in die skande gestee het. Die vraag is net: Wat is die Godgegewe rede vir die tugtiging van minderjariges? Volgens Spreuke moet dit binne die konteks van 'n toekomstige geskiedenis (*hfst. 19:18*). Godvresende ouers besef dat die kind 'n sondige wese is, ook dat hulle slegs deur die krag van Christus hul opvoedings taak kan volvoer (lees Ellen G. White, *Education*, bl. 29). Die taak waartoe die Christelike ouer geroep word, wat tugtiging insluit, is om die kind God-waarts te lei. Hoe om na die groen koring te kyk. In Christus word tugtiging nie as straf gesien nie, ook nie as gesagsvertoon nie, maar as 'n tereg wysing ter wille van redding. Hier is die Godsplan vir kinderopvoeding: Met die wete dat sonde 'n besonder kragtige uitwerking op die mens het, rig die liefdevolle ma en pa die kind se skrede na Christus. Ouers wat vir hul kinders omgee, wys die fouterende kind op 'n mooi dog ferm wyse tereg. Hulle perk die kind in en lei hom of haar gedurende die vormingsjare op die regte paadjie. Die Afrikaanse spreekwoord “buig die boompie terwyl hy nog jonk is”, is hier besonder gepas. Daardie “buigwerk” word gedoen totdat die kind 'n selfbeheersing-sin aangeleer het; totdat hy of sy op God leer vertrou het, en uit sy eie in pas met die Godsplan vir verlossing, groei en volwassenheid leef.

Wat is Spreuke 13:24 en 23:13, 14 se boodskap aan ouers?

Wanneer 'n mens al die skrifgedeeltes oor die tugtiging van kinders bekyk, is daar slegs 'n paar wat in dié verband na “die roede” – oftewel “lat” (Heb. sjebet) – verwys. Die algemeen-aanvaarde siening in Christelike kinderopvoedingsliteratuur is dat “die roede” hier op rigtinggewing dui, net soos die hemelse Herder wat sy kudde lei (*Ps. 23:4*). Elders wys die Skrif op geduldige onderwysing, die volgehoue stel van 'n goeie voorbeeld, goeie kommunikasie, asook 'n hegte ouer-kind-band om verandering by hom of haar aan te wakker (*Deut. 11:18, 19*). Die seun of dogter moet voel dat die ouers hom of haar liefhet. Dit is al manier hoe die tugtiging van die kind die verlangde uitwerking kan hê, d.w.s. om korrekter en verlossingsgerig te wees (*Spr. 13:24*).

Soms faal ouers in hul pogings om kinders te tugtig. Dalk was die straf te swaar of dalk het die kind nie die rede vir die tugtiging reg verstaan nie. Hoe dit ook al sy, hoe kan 'n mens dan dinge tussen jou en jou kind regstel?

Beter om op die hoek van ‘n dak te bly?

Spreek bekyk ook ‘n paar van die haakplekke in gesinsverband, en boonop hier en daar met ‘n tikkie humor. Kom ons bekyk ‘n paar voorbeelde: hfst. 21:9, 19; 27:15, 16. Watter uitwerking het dié humoristiese insigte?

‘n Paar spreuke het betrekking op hegte interpersoonlike verhoudings en hoe die betrokke partye teenoor mekaar optree. Die aanslag in dié lewenslesse is telkens lig en word op ‘n pittige wyse oorgedra, soos dié oor die onsensitiewe vriend “wat vir jou liedjies sing as jy treurig voel” (*Spr. 25:20, NAB*) of die buurman wat dou voor dag “met ‘n geskreeu môre-sê” (*Spr. 27:14, NAB*). Onder hierdie humoristiese spreuke vind ‘n mens natuurlik ook dié oor die “gekyf van ‘n vrou” en die “twisgierige vrou” (*Spr. 19:13, 25:24*) – die soort spreuke wat vroue drywe om hul eie oor mans te wil begin skrywe! Miskien voel hulle dat hierdie soort wysheidspreuke juis die soort probleem wat dit probeer aanspreek, vererger. Dit sonder vroue uit en dit terwyl mans, wie se bydrae tot die skep van die huislike atmosfeer ewe belangrik is, net so strydvlugtig as vroue kan wees. (Stel jou net voor hoe dit was om ‘n vrou in Kafafas of Annas se huise te moes wees!) ‘n Vrolike hart help. ‘n Goeie humorsin is goed vir die gesinslewe. Dit is die olie wat die lewensmasjinerie beter laat loop. Dit breek die spanning en bring minder wrywing mee. “‘n Vrolike hart bevorder die genesing, maar ‘n verslae gees laat die gebeente uitdroog” (*Spr. 17:22, OAB*). Die wysgeer is ook nie bo hierdie raad verhewe nie. Hy neem sporadies van sy eie medisyne en gee die leser ook permissie om innig oor die irriterende gewoontes van ander te lag. Miskien moet ‘n mens maar oor hierdie haakplekke lag (of effe verontwaardig saamlag as jy aan die ontvangkant van sulke spreuke is!). Dalk is dit ‘n beter begin vir dié soort gesprek, ‘n gesprek waarin die gewoontes en gedrag van ander bekyk word. Nietemin moet humor ook nie misbruik word om ernstige kwessies af te maak of te omseil nie. Soms is ‘n ligte koors die simptome van ‘n onderliggende, kroniese infeksie. Rusies, ‘n geneul of konstante klagtes kan ‘n teken wees dat daar ingehoue woede by een of meer gesinslede is, woede wat miskien aan wederkerighedsprobleme of ‘n gebrek aan kommunikasie tussen die twee toe te skryf is. Die klaende party meen dat die ander die hef in die hand het en nie bereid is om daaroor te kommunikeer nie. Die klaende party soek dus ‘n teenwig vir hierdie dinge. Indien ‘n kuur vir dié “huishoudelike infeksie” gevind kan word, sal die nare simptome verdwyn. In plaas daarvan om mekaar of die probleem te vermy, behoort huisgenote hul liefde vir God en hul wedersydse verbintenis tot eerlike gesprekvoering as herstpunt te gebruik. Die bron van die woede moet saam geïdentifiseer en uitgesorteer word.

Hoekom is ligte oomblikke so belangrik in huisverband? Hoe kan dit ten goede gebruik word? Hoe kan dit verkeerd ingespan en ten kwade gebruik word? Skryf jou antwoorde neer, gereed vir eerskomende Sabbat.

Wanneer ’n vrou waarlik ryk is

Wat is ’n vrou van inbors? Dit is die vraagstuk waarmee Spreuke afsluit. Identifiseer nou die prysenswaardige kenmerke en karaktereienskappe waarvoor sy beskik. Spr. 31:10-31.

Die vrou wat hier beskryf word, is net soos die digkuns – buitengewoon spesiaal. Vanaf die tiende begin elke vers met een van die 22 letters van die Hebreeuse alfabet. Kan ’n mens egter ’n vrou van inbors in alfabet-vorm besing? Duidelik nie. Woorde en letters ontbreek die wysgeer! Spreuke onderstreep hoe belangrik dit is om met ’n goeie vrou te trou. Vandaar ’n bekende sêding onder die rabbi’s: “’n Man se vrou is sy huis.” Die wysgeer sê: “’n Deugsame vrou is die kroon van haar man, maar een wat skande maak, is soos ’n verrotting in sy gebeente” (*Spr. 12:4, OAB*). Hier aan die einde van Spreuke het ons ’n kaleidoskopiese geheelbeeld van die vele en uiteenlopende vaardighede wat ’n deugdelike vrou het: Sy is ’n naaldwerker, eiendomsagent, landbouer, tuisteskepper en hoof- finansiële beampte. Intussen versorg sy boonop haar gesin, en hulle koester en prys haar.

Hierdie uiteenlopende vaardighede kan ’n mens egter nie by elke liewe vrou te wagte wees nie. Dit is ook nie ’n soort punteleer waarop vroue geplaas moet word nie. Allermens. Die spesifieke eienskappe en vaardighede wat hier beskryf word, is slegs voorbeelde van algemene dinge waarop vroue (en ook mans) behoort te let – ’n lewe gevul met eienskappe soos egtheid, medelye, betroubaarheid, getrouheid, welwillendheid en vlyt. Wat is die geheim tot hierdie soort lewe? Volgens Spreuke 31:30 moet ’n mens “ontsag hê vir die Here” (*NLV*). Die woordjie wat in Spreuke 31:10 as “knap” (*NAB*) of “deugsame” (*OAB*) vertaal word, kan ook “krag” of “mag” of “rykdom” beteken. In Psalm 62:11 word dit as “rykdom” (*NAB*) vertaal. Dié Hebreeuse woordjie verskyn ook elders, in Josua 1:14, waarin daar van Josua se “dapper helde” gepraat word. Die New King James-vertaling gebruik die sinsnede “men of valour” (dapper mans) wat duidelik met “value” (waarde) verband hou. Die Afrikaanse vertalings steun egter op die begrippe “mag” en “krag” (*vgl. die NLV, NAB en OAB*). Boas gebruik ook die Hebreeuse woordjie, verwysende na Rut. Hy noem haar ’n “goeie” of “deugsame” vrou (*Rut 3:11, NAB en OAB*) – d.w.s. ’n vrou van innerlike waarde. In Spreuke 31:10 het ons dus in dié verband ’n sinspeling op die begrip “rykdom.” Rykdom van karakter en integriteit, van ontsag vir die Here, dit is die ware Jakob. Die waarde van hierdie eienskappe is vêr bokant dié van edelstene.

Noem ’n paar deugsame vroue wat vorm aan jou lewe help gee het? Kan jy aan enige eienskappe, deugde of ingesteldhede dink wat die Bybelse beskrywing en die deugsame vrou kan verruim?

Vir verdere studie:

Met jou hart in die hemel. “Die hart van die gelowige moet met die grootste omsigtigheid bewaar word. Ons moet ’n voorliefde vir bepeinsing aankweek en ’n aanbiddingsgees in ons binnenste koester. Baie Christene sien op teen oomblikke van stille bepeinsing, teen die ondersoeking van die Skrif en gebed – kompleet asof dit tydrowend bedrywe is. As ons tog net hierdie dinge vanuit God se perspektief wil sien, sal die koninkryk van die hemel voorrang by elke gelowige geniet. Met jou hart in die hemel – dít is hoe die gelowige moet leef. Dit gee ’n mens die nodige dinamika vir die beoefening van deugde, en woema vir die verrigting van elke dagtaak. Om die hart en verstand hemelwaarts te rig, sal stukrag en erns aan die gelowige se doen en late verleen... Wanneer dit by geestelike prestasie kom, is ons steeds blote kindertjies... [Ef. 4:13.]” (Ellen G. White-kommentaar, die *SDA Bible Commentary*, vol. 3, bl. 1157).

Vrae vir bespreking:

1. Baie Christene maak gebruik van ’n ondersteuningsnetwerk in hul pogings om hul harte teen die versoeking van die bose te bewaar. Op watter manier kan dit bybelstudie en gebed, asook die transformasiewerk van die influisterende Gees aanvul? Hoekom is dit soms ’n goeie idee om professionele hulp te kry wanneer ’n bepaalde soort versoeking jou voortdurend laat sondig en jy duidelik nie kan stop nie?
2. Laat elkeen nou sy of haar antwoord op Woensdag se laaste vraag met die klas deel. Bespreek telkens die implikasies. Soos dit die geval met die meeste genadegawes is wat die Skeppergod ons skenk, kan ons misbruik maak van humor en saamlag. So word dit dan ten kwade ingespan, met die gevolg dat dit ’n afbrekende uitwerking het. Hoe gebeur dit?
3. Van watter eienskappe van die vrou maak populêre kultuur gewoonlik ’n vreeslike ophof, eienskappe wat skerp afsteek teen dié wat in Spreuke 31 vermeld word? Hoe kan die Christen keer dat hy of sy deel van hierdie degradering van die vrou word?
4. Watter tipe kultuurgebonde houdings is die samelewing geneig om teenoor die gesin te hê, houdings wat duidelik teen die Bybelse leer oor dié Godgegewe instelling indruis? Daarenteen is daar kultuurgebonde houdings wat wel met Bybelse beginsels strook. Kan jy aan ’n paar dink? Hoe kan laasgenoemde gebruik word om die gesinslewe op te bou en te versterk?